**1 November** **Skrifgedeelte: Eksodus 32:15-35**
**Fokusgedeelte: Eksodus 32:32, 33**

**Jesus sorg dat ons die eiendom van die Here bly**

Dis 'n grusame toneel wat hier beskryf word: die Leviete wat kruis en dwars deur Israel se kamp gaan en almal wat hulle teëkom, doodmaak, selfs hulle eie seuns en broers, vriende en bure (vs 27 en 29). 'n Mens skrik as jy hier lees van die heiligheid van God wat afgodery met die dood straf.

Dis ook skrikwekkend dat van al die stamme van Israel net die Leviete nadergekom het toe Moses almal wat "vir die Here is" na hom toe genooi het. Die Leviete het moontlik gehelp om die goue kalf te maak, maar hulle het tot inkeer gekom en toe vir die Here gekies. Vir dié wat nie doodgemaak is nie, was Moses bereid om 'n Ou-Testamentiese Middelaar te wees wat sy lewe gee sodat die volk Israel gespaar kan word! Hy het gepleit dat hulle vergewe mag word, maar ook die erns van hulle misdaad besef. Hulle het "'n god van goud" gemaak en die dooie ding aanbid in die plek van die ware God. As hulle nie vergewe kon word nie, kon hy maar ophou om deel van God se koninkryk te wees. Sy naam kon maar uitgewis word uit die lys van almal wat aan God behoort.

Die Here gebruik Moses egter nie as Middelaar nie. Hy wis die name van hulle wat in sonde volhard het uit sy boek.

Jesus Christus het Homself gegee as volkome offer sodat ons die eiendomsvolk van ons Here kan bly. Dit is meer werd as net 'n lang lewe. Dit is ewige lewe. Dank Hom!

*Sing: Skrifberyming 1-1:1, 7* *Ds. Nico Botha (Emeritus)*